higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 4

(3011014)

26 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

526Q1N2426

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees ai die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik die tabel hier onder as ‘n riglyn om die vrae te beantwoord.
5. Gebruik slegs swart of blou ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG	ONDERWERP/E	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Alle	40	40 minute
AFDELING B			
2	Onderwerp 1 en 2	40	40 minute
3	Onderwerp 2, 3 en 4	35	35 minute
4	Onderwerp 3 en 4	45	45 minute
5	Onderwerp 4 en 5	40	40 minute
	GROOTTOTAAL:	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Onderneming wat ingevolge die BTW Wet geregistreer is	A	sakeplan
1.1.2	Punt wanneer alle inkomste = alle koste	B	veranderlike koste
1.1.3	Die *Uitvoerende Opsomming* vorm deel van hierdie dokument	C	handelaar
1.1.4	Verkope minus veranderlike koste	D	belastingontduiking
1.1.5	Koste wat verander in direkte verhouding tot die aantal eenhede geproduseer	E	koste tot inkomste
1.1.6	Begroting wat opgestel word om bestuur te help besluit of hulle vaste bates moet koop of nie	F	kapitaalbegroting
1.1.7	Term wat gebruik word wanneer 'n onderneming versuim om inligting eerlik op 'n belastingopgawe te openbaar	G	SMART
1.1.8	Bedrag wat deur die bank toegestaan word wat 'n onderneming in staat stel om geld wat meer as sy banksaldo is, te gebruik	H	gebeurlikheidstoelaag
1.1.9	'n Ondernemingsvorm wat nie vir persoonlike belastingkortings kwalifiseer nie	I	maatskappy
1.1.10	Kriteria wat gebruik word om doelwitte in 'n sakeplan te formuleer	J	oortrekking
		K	begrotingsdagboek
		L	gelykbreek
		M	bydrae
		N	belastingvermyding

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 (Nulgebaseerde/Inkrementele) begroting is ‘n tegniek waarvolgens die koste van die vorige rekeningkundige tydperk geneem word, en ‘n persentasie daarby getel word om die begrote koste vir die volgende tydperk te kry.

1.2.2 Koste wat onveranderd bly ongeag die aantal goedere geproduseer, word (vaste/gelykbreek-) koste genoem.

1.2.3 (Vaste/Bedryfs-) koste is die korttermynbesittings van die onderneming.

1.2.4 Die (Vaardigheidsontwikkelings/Werkoosheidsversekerings)-fonds word gebruik om werkers in die arbeidsmag op te lei en te ontwikkel.

1.2.5 Bruinbrood is aan (vrygestelde/nulkoers)-BTW onderhewig.

1.2.6 Die (terugbetalingstydperk/netto huidige waarde)-metode van beleggingsbeoordeling bereken die gediskonteerde kontantvloeie van ‘n belegging.

1.2.7 Die (EMP 501/EMP 201)-rekonsiliasieverslag weerspieël die verdienstes van alle werknemers en word deur die werkgewer by die SAID ingedien.

1.2.8 ‘n 66-jarige individu is op (slegs primêre/sowel primêre as sekondêre) belastingkortings geregtig.

1.2.9 Wanneer ‘n onderneming se uitgawes meer as sy inkomste is, het die onderneming ‘n (wins/verlies) gemaak.

1.2.10 Die verskil tussen ‘n onderneming se begrote en werklike verkope word die (afwyking/veranderlike koste) genoem.

(10 × 1) (10)

1.3 Die volgende inligting is verkry uit die rekords van Nikay Manufacturers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022:

Beraamde verkope vir die jaar:	40 000 eenhede teen R11,00
Veranderlike koste:	R2,20
Vaste koste vir die jaar:	R30 000

1.3.1 Bereken die volgende, en toon al jou bewerkings:

(a) Bydrae (of marginale inkomste) per eenheid (3)

(b) Totale veranderlike koste (3)

(c) Totale koste indien 50 000 eenhede geproduseer word (5)

(d) Gelykbreekeenhede of -hoeveelheid (toon die formule) (4)

Kopiereg voorbehou

1.3.2 Bongi is ‘n werknemer van Mphake Logistics. Sy en verdien ‘n bruto salaris van R14 000 per maand. Bongi dra ook maandeliks 7% van haar bruto salaris tot ‘n pensioenfonds by, en 1% van haar bruto salaris tot WVF. Die belastingkoers wat op haar salaris betaalbaar is, is 18%.

Bereken Bongi se maandelikse aftrekking vir die volgende. Rond jou antwoorde af tot TWEE desimale:

(a) Pensioenfonds (2)

(b) LBS (3)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

Skhumbuzo Khumalo was ‘n NBS-student aan die South West Gauteng College, Molapo Kampus in Soweto. Hy het in 2020 ‘n Vlak 4-kwalifikasie in Bestuur met sewe onderskeidings verwerf. Terwyl hy ‘n student was, het hy ‘n belangstelling in fotografie ontwikkel en begin om met sy selfoon foto’s van sy klasmaats te neem. Hy het ook foto’s van ander studente op kampus geneem en die foto’s teen ‘n fooi gedruk.

Skhumbuzo se besigheid het begin groei toe hy ook foto’s van bure, kerkgangers en die algemene gemeenskap begin neem het. Aan die begin van 2021 het hy ‘n groter kamera gekoop met die geld wat hy gemaak het deur sy foto’s te verkoop. Hy het ook met sy vriendin, Msizi Shabangu, saamgewerk, wat hom gehelp het om foto’s te neem. Hulle het ‘n onderneming genaamd Sizaskhumba Photographers begin.

Om hulle onderneming uit te brei, het hulle begin om foto’s te neem van mense wat Mandela se huis in Vilakazi Straat besoek. Hulle het aangebied om die foto’s na kliënte se selfone af te laai. Hulle gebruik tans die buitekamer van Skhumbuzo se ouers se huis om hulle toerusting en rekords te bêre.

2.1 Noem en verduidelik TWEE metodes/stelsels wat Sizaskhumba Photographers kan gebruik om hul rekords te berg. (2 × 2) (4)

2.2 Sizaskhumba Photographers oorweeg dit om befondsing te kry om hul onderneming uit te brei.

Noem VIER bronne van befondsing wat hulle kan gebruik. (4)

2.3 Sizaskhumba Photographers het besef dat verskaffers van befondsing sakeplanne vereis.

Noem VYF komponente van ‘n sakeplan. (5)

2.4 Sizaskhumba Photographers benodig addisionele kapitaal van R75 000. Perm Bank het hulle 'n lening aangebied van R75 000, terugbetaalbaar in gelyke paaiemente oor drie jaar teen 14,75% rente per jaar op die uitstaande saldo.

2.4.1 Bepaal die hoofsom van die lening wat elke jaar betaalbaar is. (2)

2.4.2 Is die lening van Perm Bank 'n mediumtermyn- of 'n langtermynlening? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

2.4.3 Bereken die totale rente betaalbaar op die lening vir die drie jaar. Rond jou antwoord af tot TWEE desimale. (4)

2.4.4 Bereken die totale bedrag betaalbaar oor 3 jaar. Rond jou antwoord af tot TWEE desimale. (2)

2.5 Sizaskhumba Photographers moet verskeie finansiële verslae vir verskillende gebruikers opstel.

Tabuleer DRIE tipes verslae en gee die doel van elkeen.

TIPE FINANSIËLE VERSLAG	DOEL

(3 × 2) (6)

2.6 Gee EEN gevolg daarvan as 'n onderneming nie gereelde finansiële verslae opstel nie. (2)

2.7 Dui aan of die volgende uitgawes VASTE of VERANDERLIKE uitgawes is deur slegs die word "Vaste" of "Veranderlike" langs die vraagnommer (2.7.1–2.7.2) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.7.1 Koerier foto's na klante

2.7.2 Huur die buitekamer

(2 × 1) (2)

2.8 Sizaskhumba Photographers het drukblaaie en inkkassette gekoop om in hul onderneming te gebruik. Die prys van die goedere was R37 500 (BTW ingesluit). Sizaskhumba Photographers het hierdie goedere aan klante verkoop vir R69 000 (BTW ingesluit).

2.8.1 Hoeveel BTW het Sizaskhumba Photographers op die goedere betaal? (2)

2.8.2 Is die BTW in VRAAG 2.8.1 inset-BTW of uitset-BTW? (1)

2.8.3 Hoeveel BTW sal Sizaskhumba Photographers sy klante vra? (2)

2.8.4 Is die BTW in VRAAG 2.8.3 inset-BTW of uitset-BTW? (1)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die inligting hier onder, wat uit die rekords van Sizaskhumba Photographers verkry is, en beantwoord die vrae wat volg:

ITEM	NOVEMBER 2022 BEGROOT (R)	NOVEMBER 2022 WERKLIK (R)
Inkomste uit foto's	24 000	26 000
Koste op inkomste	10 000	9 500
Bruto inkomste	14 000	16 500
Minus bedryfsuitgawes	3 450	3 850
Water en elektrisiteit	400	450
Huur	1 200	1 200
Verbruiksitems	650	700
Selfoon en internet	1 200	1 500
Netto wins vir die jaar	10 550	12 650

3.1.1 Bereken die afwyking op inkomste uit foto's. Noem of die afwyking gunstig of ongunstig is. (3)

3.1.2 Gee EEN rede vir die afwyking wat jy in VRAAG 3.1.1 bereken het. (2)

3.1.3 Noem 'n uitgawe met geen afwyking. (1)

3.1.4 Bereken die afwyking vir water en elektrisiteit. Noem of die afwyking gunstig of ongunstig is. (3)

3.1.5 Noem EEN beheermaatreël wat Sizaskhumba Photographers kan instel om te verseker dat die water-en-elektrisiteitsuitgawe binne die begroting bly. (2)

3.1.6 Bereken die begrote bedrag vir Desember 2022 vir Verbruiksitems indien Sizaskhumba Photographers beplan om 12% by November se werklike syfer vir Verbruiksitems te voeg. (3)

3.2 Sizaskhumba Photographers wil nog 'n kamera vir die onderneming koop. Hulle kan tussen die twee kameras hier onder kies:

	Cannone	Pixal
Koste	(R9 000)	(R9 000)
Jaar 1 kontantvloei	R4 000	R3 800
Jaar 2 kontantvloei	R3 600	R3 400
Jaar 3 kontantvloei	R3 000	R3 400
Jaar 4 kontantvloei	R2 600	R2 400

Kopiereg voorbehou

3.2.1 Bereken die terugbetalingstydperk (in jare en maande) vir elk van die kameras:

(a) Cannone

(b) Pixal

(2 × 6) (12)

3.2.2 Op grond van jou berekeninge in VRAAG 3.2.1, watter kamera moet Sizaskhumba Photographers koop? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (3)

3.2.3 Verduidelik EEN tekortkoming van die interne opbrengskoers as ‘n beleggingsbeoordelingstegniek. (2)

3.3 Verduidelik TWEE maniere waarop Sizaskhumba Photographers voorsieningskoste kan verminder ten einde wins te verhoog. (2 × 2) (4)

[35]

VRAAG 4

4.1 Sizaskhumba Photographers wil hul inkomste vir die eerste kwartaal van die jaar 2023 begroot. Die onderneming doen sewe dae ‘n week besigheid. Op Saterdae en Sondae fokus hulle net op Vilakazi Straat en geleenthede.

Die volgende inligting het betrekking op die eerste kwartaal van 2023:

Maand	Aantal dae in die maand	Aantal openbare vakansiedae	Aantal weke en naweke
Januarie	31	0	4
Februarie	28	0	4
Maart	31	1	4

Die onderneming verdien die volgende inkomste:

- R1 200 per dag van Maandag tot Vrydag
- R800 per dag op naweke
- R1 200 vir geleenthede wat twee maal per maand plaasvind

Die onderneming is op openbare vakansiedae gesluit.

Bereken die totale inkomste verdien:

4.1.1 Van Maandag tot Vrydag vir die kwartaal (6)

4.1.2 Oor naweke vir die kwartaal (2)

4.1.3 Uit geleenthede vir die kwartaal. (2)

4.2 Die volgende inligting is verkry uit die rekords van Sizaskhumba Photographers:

	DESEMBER 2021	DESEMBER 2022
	R	R
Verkope	90 450	97 500
Koste van verkope	26 250	27 850
Bruto wins	64 200	69 650
Plus: Ander inkomste	875	950
Minus: Bedryfsuitgawes	14 575	13 225
Netto inkomste voor rente	50 500	57 375
Rente betaal	1 250	1 200

Bereken die volgende verhoudings deur al die formules te gee en al die antwoorde tot TWEE desimale plekke af te rond. Toon al jou bewerkings.

4.2.1 Bereken die omsetprestasieverhouding vir die jaar 2022. (4)

4.2.2 Bereken die bruto winspersentasie op verkope vir 2022. (3)

4.2.3 Die bruto winspersentasie vir 2021 was 70.98%.

Vergelyk die verhouding vir albei jare op grond van die antwoord wat jy in VRAAG 4.2.2 bereken het. Verskaf EEN opmerking ná jou vergelyking. (3)

4.2.4 Bereken die koste-tot-inkomsteverhouding vir die jaar 2021. (3)

4.3 Bestudeer die Balansstaat hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

BALANSSTAAT VAN SIZASKHUMBA PHOTOGRAPHERS VIR DIE JARE GEËINDIG 31 DESEMBER		
	2021	2022
Niebedryfsbates	125 000	140 000
Bedryfsbates	24 375	20 150
TOTALE BATES	**149 375**	**160 150**
Eeienaarsekwiteit	91 550	89 305
Niebedryfslaste	50 000	60 000
Bedryfslaste (Krediteure)	7 825	10 845
TOTALE EKWITEIT & LASTE	**149 375**	**160 150**

Bereken die volgende verhoudings deur al die formules te verskaf en rond alle antwoorde af tot TWEE desimale plekke:

4.3.1 Solvensieverhouding vir die jare 2021 en 2022. (5)

4.3.2 Bedryfsverhouding vir die jare 2021 en 2022. (5)

Kopiereg voorbehou

4.4 4.4.1 Gee TWEE interne begrotingsbeperkings. (2 × 2) (4)

4.4.2 Gee TWEE eksterne begrotingsbeperkings. (2 × 2) (4)

4.5 Verduidelik TWEE faktore wat jy in aanmerking moet neem wanneer jy vorige begrotings ontleed ten einde ‘n toekomstige begroting op te stel. (2 × 2) (4)

[45]

VRAAG 5

5.1 Noem enige DRIE dokumente wat ‘n individu benodig om ‘n belastingopgawe te voltooi. (3 × 2) (6)

5.2 Verduidelik TWEE gevolge daarvan om ‘n belastingopgawe laat in te dien of glad nie in te dien nie. (2 × 2) (4)

5.3 Dui aan of die volgende as kapitaalkorting afgetrek mag word. Gee ‘n rede vir elke antwoord:

5.3.1 Die afleweringsvoertuig wat Makhadzi vir haar ondernemiing gebruik, het gebreek. Makhadzi moes die werktuigkundige R6 500 betaal om die ratkas te herstel sodat sy weer die voertuig kan gebruik.

5.3.2 Verusha het haar onderneming se faksmasjien gesloop omdat sy dit nie meer gebruik nie

5.3.3 Aphiwe het die masjien in sy kleremakers-onderneming gekoop toe hy tien jaar gelede die onderneming begin het. Die masjien is ten volle gedepresieer.

5.3.4 Boitumelo het ‘n nuwe gebou vir sy onderneming gekoop. (4 × 2) (8)

5.4 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is dat landsburgers wat ‘n salaris verdien, inkomstebelasting betaal. (2)

Kopiereg voorbehou

5.5 Gebruik die belastingtabelle hier onder om die volgende vrae te beantwoord:

BELASTINGKOERSE VIR INDIVIDUE VIR 2023	
BELASBARE INKOMSTE (R)	**BELASTINGKOERSE**
1 – 226 000	18% van belasbare inkomste
226 001 – 353 100	40 680 + 26% van belasbare inkomste bo 226 000
353 101 – 488 700	73 726 + 31% van belasbare inkomste bo 353 100
488 701 – 641 400	115 762 + 36% van belasbare inkomste bo 488 700
641 401 – 817 600	170 734 + 39% van belasbare inkomste bo 641 400
817 601 – 1 731 600	239 452 + 41% van belasbare inkomste bo 817 600
1 731 601 en meer	614 192 + 45% van belasbare inkomste bo 1 731 600
BELASTNGKORTINGS 2023	
Primêre	R17 235
Sekondêre (65 en ouer)	R9 444
Tersiêre (75 en ouer)	R3 145
BELASTINGDREMPELS 2023	
Onde r65	R91 250
65 tot 74	R141 250
75 en ouer	R157 900

5.5.1 Nthoto Mokoena, wat 38 jaar oud is, verdien ‘n inkomste van R18 000 per maand, wat ‘n eenmalige bonus van R36 000 uitsluit. Sy het geen toelaatbare aftrekkings nie. Bereken haar belasting betaalbaar vir die 2023-belastingjaar. (8)

5.5.2 Gloria Singh is ‘n 52-jarige alleeneienaar. Sy het ‘n belasbare wins van R182 000 per jaar vir die jaar 2023 gehad. Bereken haar belasting betaalbaar vir die 2023-belastingjaar. (2)

5.6 M Projects (Edms) Bpk het die volgende twee potensiële projekte identifiseer:

	Totale uitgawe	Finansiële voordeel vir onderneming
Project Sonkrag A	180 000	300 000
Project Sonkrag B	222 000	318 000

5.6.1 Bepaal die kostevoordeelverhouding vir elke projek. Toon die formules en rond jou antwoorde af tot TWEE desimale:

(a) Projek Sonkrag A

(b) Projek Sonkrag B (7)

5.6.2 Op grond van jou antwoord op VRAAG 5.6.1, in watter projek moet die onderneming belê? Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou